

19

LIEFDESLEWE

Intimiteit: nou of later?

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet verstaan dat seks, of intimiteit, vir die huwelik bedoel is.

SPEKIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet wat die Woord van God oor seks, of intimiteit, leer.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om te aanvaar –

- dat seksuele losbandigheid negatiewe gevolge vir hulle kan hê.
- dat seksuele losbandigheid nie God se goedkeuring wegdra nie.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om te onderskei tussen watter versoekings daar is en hoe om dit te hanteer.

MEER INLIGTING (Deuteronomium 22: 13-30; 1 Korintiërs 6: 12-20; 1 Korintiërs 7: 7-9; Romeine 13: 11-14)

Vandag is dit vir baie mense aanvaarbaar dat seksuele omgang buite die huwelik plaasvind. Kinders eksperimenteer nie meer net met seks nie, maar vandag word seks dikwels as “normaal” beskou terwyl twee jongmense in ’n verhouding staan. Seks, selfs buite ’n verhouding, is nie meer ongehoord nie en gaan in baie gevalle hand aan hand met die misbruik van drank en dwelmmiddels. Kinders wat hulle weerhou van hierdie soort praktyke word soms gesien as abnormaal en nie deel van die “in-groep” nie. Ons kinders word ook daagliks van ’n vroeë ouderdom af blootgestel aan die beoefening van seks buite die huwelik, deur die media, fliëks, televisiesepies en veral op die internet en “slimfone”.

Wanneer ’n gelowige besluite moet neem oor dié soort van sake, kan ons nie anders nie as om te luister na die Woord van God. Ons moet vasstel wat die wil van God is. In die Ou Testament word verskeie riglyne gegee oor intimiteit en seks. In Genesis lees ons dat God vir Adam ’n lewensmaat gemaak het. Eva word geskape om in ’n besondere verhouding met Adam te leef.

Hierdie verhouding tussen Adam en Eva word redelik algemeen beskou as die eerste “huwelik” waarvan ons lees. Seks voor die huwelik was in die Ou Testament ’n ernstige oortreding. Dit is selfs met die dood gestraf (Deut 22: 21b).

’n Insiggewende gebeurtenis wat ons baie leer oor hoe God die huwelik, intimiteit en seks bedoel het, is die verhaal van Dawid en Batseba. Dawid is koning en reeds getroud. Dit was aanvaarbaar in die Ou-Testamentiese tyd dat ’n man met meer as een vrou in die huwelik kon tree. Dit was egter nie aan te beveel nie, want dit het gewoonlik op jaloesie uitgeloop. Abraham wat kinders by Sara en Hagar gehad het en Elkana wat twee vrouens gehad het, is voorbeelde hiervan. Adam en Eva, Noag en sy vrou, Lot en sy vrou, Isak en Rebekka is voorbeelde van die monogame huwelik. ’n Monogame huwelik is ’n huwelik waar die man net met een vrou getroud is. In 2 Samuel 11 en 12 lees ons die verhaal van Dawid en Batseba. Een lenteaand, nadat Dawid ’n middagslapie gehad het, gaan stap hy op die dak van die paleis. Van hier af sien hy ’n baie mooi vrou bad. Hy het dadelik uitgevind wie die vrou was. Sy was Batseba, die vrou van Uria. Uria was een van die soldate in Dawid se weermag. Hy was nie tuis nie en Dawid laat Batseba haal en na die paleis bring. Hier begin ’n buite-egtelike verhouding. Nadat Dawid en Batseba by mekaar geslaap het, word dit later duidelik dat sy swanger was. Dis een van die gevolge van ’n seksuele verhouding – ’n ongewenste swangerskap.

Dawid moes nou ’n plan beraam om hul oortreding teenoor God en Uria weg te steek. Hy laat Uria terugkom van die oorlogsfront met die bedoeling dat Uria by Batseba sou slaap en dan sou die swangerskap “wettig” verklaar kon word. Dinge gebeur nie soos Dawid beplan het nie. Uria slaap nie by Batseba nie, en Dawid besluit om van Uria ontslae te raak. Hy stuur hom terug na die oorlogsfront, na daardie deel waar die gevegte op hul hewigste was. Uria sterf op die oorlogsfront, en nadat die rou tydperk verby is, kan Dawid en Batseba trou.

God laat sondes nie ongestraf nie. Die Here stuur die profeet Natan na Dawid. God kondig die straf op die oortreding van Dawid en Batseba aan: Die kindjie sou sterf. Nadat die kind gebore is, word hy ernstig siek. Ten spyte van Dawid se gebede, sterf die seuntjie na sewe dae. Ja, ons lees dat Dawid opreg oor hierdie ongehoorsaamheid aan God berou het – lees gerus Psalm 51. God vergewe vir Dawid en Batseba, en Salomo word later gebore. Ons lees dat God Salomo liefgehad het.

In die Nuwe Testament lees ons dat God seks buite die huwelik en losbandigheid afkeur. Jesus Christus bewys dat God ons oneindig liefhet, en daarom moet ons, uit dankbaarheid en eerbied vir God, ook respek vir ons eie liggame en ook dié van ander hê. Ek moet my naaste liefhê, myself liefhê en God liefhê. Dit beteken dat ek anders moet dink en optree as wat die wêreld sê en doen. Waarskuwings oor voorhuwelikse seks en losbandigheid kom op baie plekke in die Nuwe Testament voor. Ons gaan twee Skrifgedeeltes van nader bekyk: 1 Korintiërs 6: 12-20 en 1 Korintiërs 7: 7-9.

Lees 1 Korintiërs 6: 12-20.

Paulus het gehoor van mense in die gemeente wat losbandig lewe. Hulle het hul optrede goedgepraat met die spreuk: *Alles is my geoorloof*. Hulle het geredeneer dat omdat Jesus hulle vrygekoop het en vir hul sondes betaal het, hulle dié vryheid kon gebruik soos hulle wou. Paulus erken die vryheid, maar hy skryf dat hierdie vryheid met sekere beperkinge saamgaan. ’n Mens moet jou afvra of iets heilsaam of verslawend is. Indien iets nie heilsaam is nie, moet Christene hulle daarvan weerhou. Indien iets verslawend is, is dit ook onaanvaarbaar. Ons behoort aan Christus en kan nie ’n slaaf van iets soos seks of drank word nie.

Van die gemeentelede het ook geredeneer dat seks iets is wat buite die liggaam gebeur en daarom nie 'n invloed op jou verhouding met God en die mense rondom jou kan hê nie. Paulus verduidelik dat ons liggame deel van Christus is. Met 'n ontugtige seksdaad word jou liggaam en die ontugtige persoon se liggaam een. As jy en Christus liggaamlik een is, dan maak jy Hom ook deel van 'n ontugtige persoon. Daarom keur die Bybel seksuele losbandigheid af.

Alles in ag genome, is dit duidelik dat intimiteit 'n gawe van God is wat binne die verhouding van 'n huwelik hoort. Seks is juis daar om twee mense wat lewensmaats is en trou aan mekaar in die teenwoordigheid van God beloop, nader aan mekaar te bring. Paulus maak dit ook duidelik in **1 Korintiërs 7: 7-9** dat indien jy nie selfbeheersing oor jou seksuele drange het nie, jy in die huwelik moet tree. Weer eens beklemtoon hy dat seks binne die huwelik hoort. Die afleiding wat ons uit hierdie opmerkings van Paulus kan maak, is dat mans en vroue as maagde in die huwelik behoort te tree.

Uit dié twee Skrifgedeeltes in die Nuwe Testament is dit duidelik dat ons as kinders van God anders as die “normale” van die wêreld moet leef. God, die Heilige Gees, woon in ons, en daarom moet ons ons eie liggame en dié van ander respekteer.

Seks buite die huwelik het ook ander nadelige gevolge. Ongewenste swangerskappe vernietig jongmense se lewens en die kindjie wat dan gebore word, beleef die meeste van die tyd nie die veiligheid van 'n huwelik waar 'n pa en ma aan mekaar getrou wil wees nie. Vandag is seksueel oordraagbare siektes 'n werklikheid. In ons land is MIV en vigs deel van ons samelewing. Mense wat rondslaap en met seks eksperimenteer, is blootgestel en uitgelewer aan hierdie lewensbedreigende siekte. Nog nadelige gevolge is die beëindiging van 'n skool- en beroepsloopbaan, armoede, verwyte, skuldige gewetens, aborsie, ensovoorts.

Ten slotte moet ons ook besef dat waar ek teen God se wil optree en opgetree het, daar by God vergifnis is ná my opregte berou. God sal my ook die krag gee om die versoekings wat op my pad kom, teen te staan indien ek dit van Hom vra. Alles is geoorloof, maar nie heilsaam nie. Alles is geoorloof, maar nie opbouend nie.

Indien mense met seks wag tot die huwelik, sal hulle mekaar op 'n ander manier leer ken en sal hul verhouding gebou word op 'n gesonde fondasie. Wanneer 'n man of vrou in die huwelik tree met 'n geskiedenis van seksuele verhoudings en selfs losbandigheid, bly hierdie dinge deel van die bagasie wat jy vir die res van jou lewe met jou moet saamdra. Dit skep voortdurend wantroue. Die hoë egskeidingsyfer en die groot getal ongelukkige huweliksmaats dwing ons om weer opnuut na God se wil te vra.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Rolletjie kleefband.
- Kougom en 'n plastiekbakkie.
- As jy jousef nie bevoeg geag het om hierdie les aan te bied nie, bevestig met die persoon wat jy gereël het.
- Het jy hom of haar voorsien van die inhoud van die les?

KOM ONS BEGIN

Open met Skriflesing uit 1 Korintiërs 6: 12 en gebed.

HET HULLE ONTHOU EN GELEER?

- Kontroleer of hulle neergeskryf het wanneer en hoe hulle na Les 17 oor God en hul geloof met mekaar in die gesin gepraat het.
- Laat enkele kinders lees watter Skrifgedeeltes hulle tydens daardie week met huisgodsdienste geles en oor gepraat het.
- Laat enkele lees wat hulle oor hul gesin se morele en geloofswaardes neergeskryf het.
- Laat enkele kinders die volgende teks opsê: *Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien* (Jos 24: 15b).

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

As jy iemand anders gekry het om die les aan te bied, stel hom of haar aan die woord, of gaan self aan met die les.

Vandag praat ons oor seks. Dit is 'n baie sensitiewe onderwerp wat ons almal raak, en die meeste mense het hul eie mening daaroor. Hanteer dit met die grootste omsigtigheid. Vra die kinders om nie ligsinnig oor die saak te raak nie. Dit is ook enige een van hulle se reg om nie aan die gesprek deel te neem nie.

Laat die kinders in die groot groep vinnig hul menings gee oor seksuele aktiwiteit onder skoolkinders. Laat hulle vanuit die perspektief van hul vriendekring en algemene opvattinge van mense oor die saak 'n bietjie praat. Skep hiermee 'n openheid vir die gesprek wat later volg.

IETS INTERESSANT

Die kategeet doen navorsing oor die aantal dogters wat jaarliks die skool moet verlaat as gevolg van ongewenste swangerskappe. Verduidelik voor watter groot en moeilike keuses ongewenste swangerskappe jongmense stel (voortydige huwelik, enkelouerskap, kinderversorging, aanneming, selfs abortsie!), en watter impak dit op die lewens van die jong pa en ma en hul baba het (huislike omgewing, finansiële verpligtinge, studiekeleentheid, sosialisering met hul portuurgroep, ensovoorts).

Maak 'n opsomming van die gegewens uit MEER INLIGTING hierbo en hou dit aan die kinders voor. Gee dan aan elke kind 'n stukkie nuwe kleefband. Verduidelik aan hulle dat God seks aan die mens gegee het om 'n verhouding te versterk en te bou. Kleefband werk met die eerste plakslag die beste. Elke keer wanneer ek dit lostrek en weer plak, plak dit nie meer soos die eerste keer nie. Laat die kinders die stukkie kleefband plak en lostrek en weer plak. Verduidelik aan hulle dat elke seksmaat wat hulle het voor die huwelik, elke keer 'n ander plakslag is, wat die kleefkrag van intimiteit minder en minder maak binne die huwelik. 'n Huwelik gebou sonder die kleefkrag van seks is 'n kwesbare huwelik. As jy daardie "kleefkrag"

vermors deur met verskeie maats seks voor die huwelik te hê, tas dit die kanse om eendag 'n goeie huwelik te hê aan.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Televisie, DVD's, fliëks en "slimfone" beeld losbandigheid en vrye seks dikwels op skadelike maniere aan.
- 'n Gelowige neem ook besluite oor seks deur te luister na die Woord van God.
- Wat is die wil van God?
 - In die Ou Testament –
 - lees ons dat God vir Adam 'n lewensmaat gemaak het.
 - word hierdie verhouding tussen Adam en Eva beskou as die eerste "huwelik".
 - was seks voor die huwelik 'n ernstige oortreding wat in sommige gevalle selfs met die dood gestraf is.
 - volg 'n ongewenste swangerskap en moord nadat Dawid en Batseba egbreuk gepleeg het.
 - sterf die seuntjie wat gebore word ten spyte van Dawid se gebede.
 - het Dawid opreg berou oor hierdie ongehoorsaamheid aan God (Ps 51).
 - vergewe God vir Dawid en Batseba. Hul seun Salomo word later gebore.
 - In die Nuwe Testament keur God seks buite die huwelik en losbandigheid af.
 - Ons kry waarskuwings oor voorhuwelikse of buitehuwelikse seks in 1 Korintiërs 6: 12-20.
 - Ons behoort aan Christus en mag nie 'n slaaf van iets soos seks of drank word nie.
 - Ons liggame is deel van Christus.
 - Met 'n ontugtige seksdaad word jou en die ontugtige persoon se liggame een.
 - As jy en Christus een is, dan maak jy Hom ook deel van 'n ontugtige persoon.
 - Daarom keer die Bybel seksuele losbandigheid af.
 - In 1 Korintiërs 7: 7-9 staan dat indien jy nie seksueel selfbeheersing het nie, jy eerder moet trou.
 - Die afleiding wat ons hieruit kan maak, is dat 'n mens 'n maagd behoort te wees as jy trou.
- Seks buite die huwelik het ook ander nadelige gevolge:
 - Seksueel oordraagbare siektes soos MIV en vigs.
 - Ongewenste swangerskappe wat tot gevolg het –
 - die beëindiging van 'n skool- en beroepsloopbaan.
 - armoede.
 - verwyte.
 - skuldige gewetens.
 - aborsie.

Maar onthou:

- Waar ek teen God se wil optree en opgetree het, is daar by God vergifnis ná opregte berou.

- God sal my krag gee om versoekings wat op my pad kom, teen te staan as ek Hom vra.
- Seksuele versoekings is volop. Die enigste manier om dit hanteer, is om na die Here se Woord te luister en om die Heilige Gees te vra om jou te laat gehoorsaam bly.

IETS OM TE DOEN

Laat hulle die volgende vrae in hul boeke beantwoord en bespreek dit na die tyd.

- Hoe word jongmense blootgestel aan skadelike uitbeeldings van seks? (*Televisie, DVD's, fliks en "slimfone".*)
- Hoekom sê ons dit is skadelik? (*Dit moedig seks buite die huwelik aan, wat kan lei tot 'n verwoeste lewe en 'n ongelukkige huwelik.*)
- As jy kind van die Here is, waarna gaan jy luister met betrekking tot seksuele sake? (*'n Gelowige neem besluite oor seks deur te luister na die Woord van God.*)
- Is God 'n pretbederwer as dit kom by seksuele sake? (*Nee, Hy wil juis hê dat die "pret" van seks, die hoogtepunt van die saamwees van twee mense wat mekaar liefhet, sy volle hoogtes bereik. Dit gebeur alleen in die huwelik. Buite die huwelik het dit te veel skadelike dinge tot gevolg.*)
- Noem 'n paar skadelike nagevolge van seks buite die huwelik. (*Seksueel oordraagbare siektes soos MIV en vigs, ongewenste swangerskappe, die beëindiging van 'n skool- en beroepsloopbaan, armoede, verwyte, skuldige gewetens, aborsie, ensovoorts.*)

BY DIE HUIS

LEER

Laat hulle –

- die feite by IETS BELANGRIK hierbo gaan leer.
- die volgende teks gaan leer: *Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie (1 Kor 6: 18a).*

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 541: 1, 2 en 3 as gebed.

*Ons bring aan U, Heer Jesus, ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe, terwyl ons jonk is eer.
Ons wil U dien, Heer Jesus, met ywer en met krag.
Help ons om as u kinders, te doen wat U verwag.
Ons wil U volg, Heer Jesus, soos wat u Woord ons leer.
Leer ons gehoorsaam lewe, om U al meer te eer.*

Refrein:

*Beheer ons hart en lewe, o Here deur u Gees.
Laat al ons doen en late vir U 'n vreugde wees.*

Amen.